Die vaardighede van goeie predikante

Leon Venter is leraar in Parowvallei-Oos. Sy grootste belangstelling is die verskuiwende aard en rol van geestelike leierskap in die 21ste eeu.

Predikante as gemeente- en gemeenskapsleiers

Ek onthou ’n baie persoonlike worsteling met hierdie vraag toe ek in 1989 die eerste keer in die bediening gekom het. Al antwoord wat ek gekry het, was: “Lees die kerkorde!”

Later het die vraag geword: “Watter kernvaardighede moet ek ontwikkel om ’n goeie predikant en leier te wees?”

Dié twee vrae hou natuurlik met mekaar verband. Wat is die *werk* van ’n predikant? En wat is die *kernvaardighede* wat nodig is om ’n effektiewe predikant te wees?

Roeping en vaardighede

Die probleem is dat die gesprek oor die vaardighede waaroor predikante moet beskik, ten beste ’n ongemaklike gesprek is, en dit om een enkele rede: predikante is geroepenes van God, profete! Hoe kan ’n mens nou oor hulle vaardighede oordeel?

Tog is dit juis dringend nodig! Die meeste predikante het immers ’n besliste en duidelike roepingservaring.

Dit is waar dat predikante wat ’n verlies aan persoonlike roepingsbewustheid deur die Drie-Enige God beleef en blote bestuurders van gemeentes is, met die beste vaardighede stéeds sukkel om ’n volhoubare impak op gemeentes te maak. Hulle brand gewoonlik uit, verloor moed en soek ander beroepsmoontlikhede.

Die teendeel is egter ook pynlik waar: Predikante met die sterkste oortuiging van hulle roeping, kan ’n mens dikwels verleë laat met hulle gebrek aan effektiewe bedieningsvaardighede en vernietigend op gemeentes inwerk!

Roeping en vaardighede is dus twee kante van dieselfde munt, maar beslis nie dieselfde nie.

Om dit sterk te stel: Roeping is uiters belangrik, maar roeping alleen maak nie van predikante vaardige en gelukkige predikante nie. Daar is sekere vaardighede wat predikante benodig om hulle roeping effektief uit te leef.

Die vaardighede wat predikante benodig, verander voortdurend. ’n Eenvoudige voorbeeld: 50 jaar gelede het predikante nie veel vaardigheid nodig gehad om tegnologie vir kommunikasie te benut nie, behalwe om soms in ’n mikrofoon te praat nie (indien dit beskikbaar was!) In ’n digitale wêreld van rekenaars, selfone, internet en beeldende kommunikasie met dataprojektors, raak dit ’n belangrike en onontbeerlike vaardigheid.

Effektiewe geestelike leiers

Wat is die vaardighede waaroor predikante moet beskik om effektiewe geestelike leiers te wees en só hule roeping met vreugde en sukses uit te leef?

Dit is belangrik om dié vraag genuanseerd te antwoord, want voortgesette opleiding van predikante het presies ten doel om predikante vaardiger te maak. Vaardiger waarin en waarmee? Om die effektiwiteit van ons voortgesette opleiding te evalueer, moet ons tog weet wat dit is wat ons daarmee probeer bereik en êrens vra: “Bereik ons ons doel met die voortgesette ontwikkeling van predikante?

Teologiese opleiding

Dit sal help om ’n bietjie in die geskiedenis van opleiding terug te gaan. Teologiese opleiding van predikante het drie groot fases beleef:

- In die “klassieke” fase is predikante in teologiese kweekskole opgelei en vir ’n bediening in ’n spesifieke denominasie voorberei. Studente het saam gebly in een gemeenskap en is in ’n aantal teologiese vakke onderrig, waarvan die klem op die Bybel en prediking was. Die ontwikkeling van ’n Christelike karakter en die konfessionele identiteit van die denominasie was belangrik.
- Die klassieke model is met ’n universiteitsmodel vervang. Dit kom daarop neer dat predikante aan universiteite opgelei word waar die klem op teologiese opleiding as intellektuele dissipline val en die verband tussen denominasie en opleiding gaandeweg verswak.
- Charles Fielding het in die 1960’s ’n nuwe model vir predikanteopleiding voorgestel, te wete die “professionele” model. Kortliks kom dit daarop neer dat die predikant ’n professionele persoon is en bepaalde “meetbare” vaardighede moet ontwikkel. Predikante moes dus nie net teologiese opleiding kry nie, maar ook onderleg word in vaardighede soos die pastoraat.

Al hierdie modelle word op die oomblik weer ernstig bespreek. Die fundamentele vraag is egter nie die model van opleiding nie, maar wat die spesifieke vaardighede is wat predikante nodig het om in die 21ste eeu effektiewe geestelike leiers te wees.

Die missie van die kerk bepaal vaardighede

Dit is logies dat die missie van die kerk predikante se vaardighede moet bepaal. Professionele vaardigheid was dalk binne die heersende ekklesiologiese verstaanraamwerk van die stabiele wêreld van die 1960’s belangrik. In die 21ste eeu, met ’n missionale ekklesiologiese verstaan, behoort predikante oor ánder, méér dinamiese vaardighede te beskik.

My verstaan van die missie van die kerk in die 21ste eeu is: “Om as gemeenskap van mense wat deur God geroep is, sáám geloofsonderskeidend te ontdek waar God die Vader, Jesus die Seun en die Heilige Gees as *missio Dei* werksaam is, en daarby aan te sluit.”

Predikante se taak en rol wat hieruit volg, is om die gemeenskap van

gelowiges wat hulle dien en lei te begelei om hulle hele lewe deel van die *missio Dei*-beweging te maak.

In teologiese taal beskryf: Die taak en rol van predikante is om deur hulle persoonlike verbintenis aan die *missio Dei* só van die sturende God se teenwoordigheid en werksaamheid in die wêreld bewus te wees, dat hulle God se mense help om as gestuurdes met mekaar en ander as *imago Dei* om te gaan. Predikante moet God se mense help om *coram Deo* te leef, dus in die bewussyn van die teenwoordigheid van die Vader, Seun en Heilige Gees.

Vanuit hierdie verstaan van kerk-wees, volg die rol en taak van predikante.

Rol(le) van die predikant

Heel eerste is die besef dat die rol van predikante te doen het met integriteit, met 'n integrasie van roeping en taak. Wat predikante se rolle betref, die volgende:

- Predikante kan nooit van die greep van die Triniteit op hulle lewe loskom nie. Daarom is die eerste rol van predikante om persoonlike dissipels en navolgers van Jesus te wees.
- 'n Tweede rol is dié van profete, naamlik om die Woord van God te verkondig, om op verskillende wyses geloofsformasie by mense van alle ouderdomme te ontwikkel, onder andere deur prediking, lering en onderleg in die Woord van God.
- 'n Derde rol is dié van priesters, om mense by te staan in hulle vreugde en pyn, om persoonlik dáár te wees vir mense in moeilike menslike situasies, en om in eredienste liturgies ontmoetings met God te begelei.
- Laastens het predikante ook 'n koninklike of dienende leiersrol, naamlik om bestuurders van gemeentes te wees: om om te sien na bates, na finansies en personeel; ook om die grondgebied van die Koninkryk deur sending en evangelisasie uit te brei, deur gehoorsaamheid aan God wat sy gemeente stuur en self vooruitgaan in sy sending in die wêreld.

Take van die predikant

Elke rol van die predikant behels spesifieke take wat ek nie nou hier lys nie. Dit het te doen met die take wat elke dag gedoen moet word en waarmee predikante hulle dag vul. Byvoorbeeld:

- As deel van die dissipelskapsrol, is die taak van predikante om persoonlik tyd te maak vir stilword ten einde God se stem te hoor deur die lees van die Woord, om tyd te maak vir gebed en vir gesprek met medegelowiges.
- Deel van die predikant se profeterol is prediking. Daarvoor is Bybelstudie, navorsing, begrip vir die gemeente en voorbereiding nodig.
- As deel van hulle dienende leierskap, het predikante die taak van organisering en beplanning (soos kerkraadsvergaderings).

Vaardighede van die predikant

Vaardigheid is 'n kombinasie van kennis, houding, waardes en karaktertrekke wat na vore kom in meetbare, sigbare en verbeterbare gedrag.

Watter vaardighede het predikante nodig om bogenoemde rolle van dissipel, profeet, priester en dienende leier en die daaglikse take wat daarmee saamgaan, so goed as moontlik uit te voer?

Elke enkele taak wat 'n mens uitvoer, synde jy nou 'n onderwyser, verkoopspersoon of predikant, word gedoen met sekere sigbare, waarneembaar herhalende gedrag wat "vaardighede" genoem word.

Daar is generiese vaardighede waaroor alle mense in meerdere of mindere mate beskik, soos kommunikasievaardigheid. Dan is daar beroepspesifieke vaardighede, byvoorbeeld 'n sweiser se "sweis-vaardigheid".

Een predikant preek beter as die ander. Jy sien en beleef dit. Waarom is dit so? Dit het te doen met die vaardighede waaroor die spesifieke prediker beskik.

Kan swakker predikers verbeter? Verseker, as hulle weet watter vaardighede 'n invloed op hulle prediking het. Deur die nodige vaardighede te ontwikkel, kan hulle die taak van prediking dramaties beter doen!

Generiese vaardighede

Daar is 'n hele reeks generiese gedragsvaardighede wat predikante daagliks inspan om hulle dagtake uit te voer: effektiewe kommunikasie, beplanning en uitvoering, mentorskap en afrigting, beïnvloeding, emosionele volwassenheid, aanbiedingsvaardigheid, onderrigvaardigheid, streshantering, geloofsonderskeiding, denkvermoë, aksie-oriëntasie, fasiliteringsvaardigheid, en vennootskapvorming, om 'n paar te noem. Hoewel daar heelwat méér gedragsvaardighede is wat in die korporatiewe omgewing vir persoonlike ontwikkeling gebruik word, is daar ongeveer 30 generiese en beroepspesifieke gedragsvaardighede wat die onderbou van predikante se taak en roluitlewing vorm.

Hierdie beskrywing klink "korporatief". Teoloë begin byna dadelik redeneer dat dit sekulêre en korporatiewe taal is wat nie by predikante en hulle werk as geroepenes van God pas nie.

Die besef is egter besig om pos te vat dat so 'n redenasie 'n ongelukkige mistasting is wat ons voortgesette teologiese opleiding minder effektief maak as wat dit kan wees. Predikante gebruik ook generiese gedragsvaardighede om hulle rolle en take (lees "roeping") uit te voer. Voorbeeld: 'n Predikante kan 'n briljante teoloog met 'n doktorsgraad wees, maar as hy of sy nie oor die vaardigheid van effektiewe kommunikasie beskik nie, sal hy of sy nie 'n impak in 'n gemeente maak nie.

Om in opleiding op teologiese inhoud te bly konsentreer, sonder om tegelyk genuanseerde aandag aan die onderliggende gedragsvaardighede te gee, is nie langer verantwoordelik nie.

Spesifieke vaardighede

Kom ons neem die voorbeeld van predikante se profetiese rol en hule spesifieke taak van prediking verder. Watter vaardighede gebruik 'n predikant om Sondae 20 minute lank te preek?

'n Hele aantal generiese vaardighede word ingespan (om maar 'n paar te noem): kommunikasie, beplanning, aanbieding, tydsbestuur, onderrigvermoë, beïnvloeding, emosionele rypheid en die vaardigheid om op die behoefte en uniekheid van die gemeente te fokus. 'n Klein verbetering in aanbiedingsvaardigheid, in kommunikasievaardigheid of die vaardigheid van onderrig, kan 'n baie groot impak op die effektiwiteit van predikante se uitlewing van hulle rol as profete en as predikers hê. Om in opleiding net op die teologiese inhoud van preke te konsentreer en nie ook op die veelheid van onderliggende vaardighede wat 'n invloed op die uitvoering van predikante se predikingstaak het nie, is nie langer verdedigbaar nie.

Die toekoms van voortgesette bedieningsontwikkeling

Die fokus op en begrip van gedragsvaardighede wat predikante se effektiwiteit beïnvloed, het praktiese implikasies vir hulle voortgesette ontwikkeling. Kursusse met teologiese inhoud moet met die genuanseerde ontwikkeling van spesifieke gedragsvaardighede verryk word. In sommige gevalle het predikante dalk net nodig om hulle vaardigheid van geestelike onderskeiding te verbeter, of dalk die vaardigheid van beplanning en uitvoering, ten einde 'n dramatiese verbetering in hulle rol en taak as predikante te beleef.